Bybel vir Kinders

bied aan

Die Goeie Samaritaan



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: M. Maillot; Lazarus

Vertaal deur: Yvette Brits

Aangepas deur: Ruth Klassen; Sarah S.

Storie 46 van 60

www.M1914.org

Bible for Children, *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans


Die man het geantwoord, "Jy moet die Here jou God liefhê, asook jou naaste." "Maar wie is my naaste?"
3

Om die man se vraag te beantwoord, het Jesus 'n storie vertel, oor 'n man wat op pad was van Jerusalem af na Jerigo. Rowers het hom aangeval.
4

Die rowers het alles wat hulle kon kry gesteel, selfs die ongelukkige reisiger se klere. Hulle het hom ook ernstig gewond, en half dood aan die kant van die pad gelaat.
5

Per geluk het 'n sekere priester verby gekom. Sekerlik sal hy die gewonde man help.
6


Nee! Toe hy die bloeiende man sien, het hy aan die anderkant van die pad verby gegaan.
7

Gou het die geluid van voete a naderende persoon aangekondig. Hy was 'n Leviet – 'n man wat die Priesters gehelp het by die Tempel.
8

Hy het gaan kyk na die beseerde man, maar weggestap sonder om hom te help.

9

Ten laaste het 'n Samaritaan verby gekom. Die Jode haat Samaritane.



10

Persone wat na Jesus se storie luister verwag nie dat 'n Samaritaan die held moet wees nie.

11

Maar hy was. Die Samaritaan het omgegee, hy het gestop en gehelp.



12

Die Samaritaan het gekniel, en saggies medisyne en verbande op die vreemdeling se wonde gesit. Daarna het hy die beseerde man op sy eie donkie gehelp.

13

By 'n herberg langs die pad, het die Samaritaan heelnag die man versorg.

14



Die Goeie Samaritaan

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Lukas 10

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!